Gemeentes wat hulle roeping ontdek

Die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes is 'n gesamentlike inisiatief van Buvton en Church Innovations Institute. Ongeveer 50 gemeentes werk reeds in groepe of "clusters" saam in Gauteng, Oos-Kaap, Wes-Kaap en Namibië. 'n Volgende groep begin binnekort ook in die Suid-Kaap. Die vennootskap behoort aan die deelnemende gemeentes self. Hulle besin by hulle byeenkomste saam oor hulle spesifieke roeping en beplan hulle bediening om in lyn daarmee te wees. Drie van die lede van die bestuurspan, Frederick Marais, Gordon Dames en Pieter van der Walt, gesels hier oor wat hulle tot dusver in die proses geleer het.

Gordon: Dit is belangrik om te verstaan dat die Vennootskap van Gestuurde Gemeentes nie iets is wat iewers uitgedink word nie. Gemeentes soek dikwels programme of modelle, maar hier lees ons saam die Bybel en vra ons na God se wil vir gemeentes.

Frederick: Dit gaan met ander woorde oor 'n proses van geloofsonderskeiding. Ons soek in wese antwoorde op die roepingsvraag: "Waarheen is God met hierdie gemeente op pad?" Gemeentes word dan ook begelei om gehoorsaam te wees aan die roeping wat hulle van God ontdek het.

Pieter: Dit lyk of gemeentes wat hierdie vraag eerlik begin vra het, onder die indruk kom dat ons 'n heel nuwe verstaan van gemeente-wees nodig het.

Gordon: Ek dink so, ja. In die verlede is ons eie kulture beskerm en dit lyk nou of gemeentes steeds hierdie eie kulture in stand wil hou. Wanneer hulle egter eerlik begin Bybel lees, ontdek hulle dat dit gaan oor die oorsteek van grense.

Frederick: Die verblydende ervaring wat ons tot dusver het, is dat gemeentes in die vennootskap nie soek na vinnige antwoorde nie, maar na 'n plek waar hulle saam met ander kan dink oor die voorveronderstellings waarop die hele bediening berus.

Pieter: Waaroor sou julle sê begin gemeentes anders dink?

Frederick: Ek meen ons begin raaksien dat ons ten spyte van ons gereformeerde teologie 'n institusionele bedieningsmodel omhels het. Ons het nie regtig verstaan dat gemeentes bestaan ter wille van die koms van die koninkryk nie. Ons het gemeentelike institute geskep wat in hulle wese selfgerig is.

Gordon: Dit is waar, ja. Dink byvoorbeeld aan die VGK se Kerkorde bepaling 22 en NGK Art 9 wat handel oor die taak van predikante. Omtrent alle hoofstroomkerke wend hulle leraars op 'n manier aan wat meer op instandhouding gerig is. Ons slaag nie daarin om uitreik in die gemeenskap met die totale gemeentelike bediening te integreer nie.

Frederick: En ons moet eerlik erken dat ons nog nie 'n duidelike, geïntegreerde prentjie van die rol van die predikant het nie. Ons is nog te ver van Handelinge 2 af. Ons is te gekontamineer deur die Christendom-paradigma. Die gemeentebou-liggaamsmodel bewegings van die afgelope dekades het een groot swak plek gehad. Dit het te min gedink hoe die rol van die dominee moet verander. Die dominees het net besiger geraak. Nou is hulle vasgevang tussen bedieningsmodelle wat teenstrydige eise aan hulle stel.

Gordon: Ons sal goed moet verstaan dat "besiger" nie noodwendig beteken "gehoorsamer" nie.

Pieter: Dit is juis op hierdie punt dat ons na my mening tot dusver baie geleer het. Gemeentelike leierskap is 'n span mense wat mekaar verantwoordelik hou om gesamentlik – luisterend en biddend – met die Woord van God besig te wees. Dit is 'n span mense wat met die oog hierop nuwe gewoontes skep en dit praktyk maak. Ons het so 'n besluit in ons gemeente geneem ten opsigte van alle vergaderings en byeenkomste en ek moet sê ek voel aan dat dit ons houding op die langer termyn regtig kan verander.

Gordon: Dit sal ook daartoe lei dat lidmate die rol van die dominee begin anders sien. Die predikant is nou nie meer die een wat maar net almal gelukkig moet hou nie, maar die een wat deurlopend die leiding neem in die gesamentlike proses van geloofsonderskeiding om God se roeping vir die gemeente te ontdek.

Pieter: Dit lyk my soos wat gemeentes al hoe besiger geword het, het ons "sukses" begin meet aan hoe betrokke en aktief lidmate is. Ons het soortvan gesê: "Kry jou saak met die Here reg en neem deel aan die kerk se aktiwiteite." Lidmate het gevra: "Wat is hierin vir mý?" Hulle het gevra: "Hoe gaan dit my verbeter?" Die Bybel vra van ons iets anders. Die Bybel vra gehoorsaamheid en dan is die regte vraag: "Hoe moet ek verander?"

Gordon: Lering en skoling word ook opnuut 'n behoefte by gemeentes wat hierdie pad begin loop het.

Frederick: As ons werklik wil groei, sal ons verskillende grense moet leer oorsteek. Ons sal moet leer hoe om mense te bedien oor taal-, kultuur- en ekonomiese grense heen.

Gordon: Ons sal ook bereid moet wees om risiko's te loop ter wille van die evangelie.

Frederick: Dit sal natuurlik ook vra dat ons moet leer om konflik op 'n gesonde manier te hanteer. Ons sien in hierdie proses dat ons in kerklike sisteme sit wat dink konflik is 'n fout. Ons sal moet weet dat ons nie die nodige grense sal oorsteek sonder konflik in die gemeente nie. Ons moet ophou om te skrik daarvoor.

Pieter: Die saamlees van Filippense 2 het vir ons in die proses tot dusver baie geleer.

Frederick: Beslis. Die beste ding wat met 'n kerk kan gebeur, is dat hulle hul mag verloor. As jy jou mag verloor, ontdek jy die evangelie. Dan eers kom jy op jou knieë, leer jy om in die Woord te vertoef en diep te luister.

Pieter: Dan ontdek jy dat die kerk nie aan jou behoort nie …